ONS WIL JESUS GRAAG SIEN

Baie dankie, Broer Vayle.

2 Goeienaand, vriende. Dis beslis ’n voorreg om hier te wees vanaand in hierdie hoofstad van New Hampshire. New Hampshire beteken baie vir my, van ’n klein seuntjie af. Ek kan my jagtogte nog goed onthou bo in die White Mountains, en oor die Presidensiële Reeks, rondom Gorham, en die dele van die land daarbo in, goeie vriende wat ek jare gelede ontmoet het. So ek wou altyd na New Hampshire toe kom vir ’n—’n diens om saam met die siek mense te bid, en om julle te besoek.

3 Dis jammer dat ons net twee aande hier het, en net reguit inhardloop soos hierdie, en reguit uit. Ek het gesê dis iets soos om te sê: “Aangename kennis? Totsiens.” So, maar ek is seker dat die dierbare Here ons sal help om beter bekend te raak in die jare wat sal kom; ons verwag om een of ander tyd terug te kom vir ’n langer verblyf. Hierdie keer probeer ons net mekaar leer ken.

4 En ek is seker julle het Hom lief, ek het net by die deur ingestap en julle hoor sê: “Amen,” oor wat Mnr. Vayle gesê het, en julle glo God, en glo dat Hy steeds lewe. En Hy—Hy is nie enigsins anders as wat Hy ooit was nie, Hy is nie enigsins slimmer nie, Hy kan nie enigsins slimmer wees nie, want Hy was oneindig om mee te begin. En so moet alles wat Hy sê, elke stelling wat Hy maak, volmaak wees, want as Hy kon groei in kennis soos ons het, dan sou Hy slimmer wees, Hy kon—Hy kon dinge regmaak en dit ’n bietjie anders reël. Maar wanneer God ’n—’n stelling maak of enigiets sê, moet dit altyd so bly, want Hy is volmaak om mee te begin.

5 Nou, ons, ons geslagte, ons is eindig, en ons geslagte raak net ’n bietjie slimmer, en ’n bietjie slimmer soos die Skrif gesê het, swakker, maar wyser, en ons groei in kennis, maar God kan nie, om oneindig te wees, moet Hy net die heeltyd net perfek bly.

6 So dan, as ’n krisis op enige tyd sou ontstaan, en God op die toneel geroep is om op te tree, die manier wat Hy toe daardie tyd opgetree het, so sal Hy elke keer moet optree, ten einde God te wees. Sien? Want as Hy nie die tweede keer optree soos Hy die eerste keer het nie, dan weet Hy—Hy meer daarvan, dan doen Hy . . . het Hy verkeerd gedoen toe Hy die eerste keer opgetree het. Sien? Hy sou elke keer dieselfde moes optree. As—as die wêreld behoefte het aan ’n Verlosser, dan as Hy ’n Verlosser, ’n weg van verlossing in die tuin van Eden aangebied het, om, ’n weg van ontsnapping, moet Hy voortgaan om dit te doen ten einde God te wees.

7 As siekte in die kamp ontstaan het, en God ’n versoening gemaak het vir genesing, moet Hy daarby bly, of Hy het verkeerd

gedoen toe Hy die eerste persoon genees het, Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste een vergewe het. Sien? Hy's oneindig—oneindig en ons moet dit so aanvaar, en dit so glo, en as jy dit so sal glo, sal dit so werk. Dis net . . .

8 En ek kom vanaand om julle te besoek vir hierdie twee aande van diens, as julle broer, en ek is so bly om hier by julle te wees. En ek kom nie om enige sekere denominasionele kerk te verteenwoordig nie, ons verteenwoordig nie enige denominasie nie. Ekself, ek was 'n Sending Baptis; Mnr. Vayle hier, was 'n noordelike Baptis. Ek behoort nie meer aan die Baptiste kerk nie, ek het net uitgekom in die Evangelie om te werk, en in die bresse getree, en gesê: "Ons is broers, wie ook al wil, laat hom kom." En die bietjie invloed wat die Here God my gegee het, ek probeer dit nie plaas op enige sekere denominasie nie, want ek glo dat—dat denominasies nie is waarna God kyk nie, Hy kyk na die mense wat in die denominasies is.

9 Meeste van my lewe, of 'n groot deel daarvan, was op 'n plaas. Ek onthou bo by die Troublesome Rivier, waar ons altyd die beeste opgepas het, hulle na die Arapaho Woud toe gejaag, en hulle het 'n dryfheining gehad. Ek weet nie wat julle oosterse mense weet van 'n dryfheining nie, maar hulle keer dat die beeste van die woud afdryf. Jy dan 'n ton hooi kan kweek, en jy het, van die Kamer van Handel, 'n brandmerk, kan jy 'n koei op die woud sit, as jy 'n ton hooi kan kweek om vir die koei te sorg deur die winter.

10 En nou, die veldwagter, hy tel altyd die beeste soos hulle ingaan, en gaan hulle na. En baiekeer het ek daar gesit, en my been oor die horing van die saal, die veldwagter dopgehou, hy het nooit die brandmerk soveel opgelet, hoeveel brandmerke daar was nie, want hy het dit soort van geweet, in elk geval, maar hy het die bloedplaatjie in die oor nagegaan. Sien, die bloedplaatjie, hulle moes . . . maak nie saak wat die brandmerk was wat jy gehad het . . . dit moes 'n volbloed Hereford wees, of dit kon nie op die weiveld gaan nie. Maak nie saak hoe goed die brandmerk is wat daarop geplaas is nie, dit moes 'n volbloed Hereford wees, of dit kon nie op daardie weiveld wei nie.

11 Ek dink dis wat dit sal wees by die groot poort wanneer ons daar kom, Hy sal nie sê: "Is jy gebrandmerk, Metodis, Pinkster, Baptis, Lutheraan" nie, dis wat die Bloedmerk is. Almal wat gebore is uit die Gees van God, deur die Bloed van Jesus Christus, sal welkom wees binne, maak nie saak watter brandmerk jy dra nie.

12 Nou, en daarop nou, sal ons Sy Woord oopmaak, en met julle praat uit Sy Woord. Ek's nie 'n teoloog nie, ek het baiekeer gesê, dat ek nie 'n kans gekry het om 'n geleerdheid te kry nie, ek's nie veel van 'n prediker nie. Ek ken nie die Woord te goed nie, maar

ek ken die Outeur baie goed. So dis . . . Ek het Hom lief, en Hy sal die Woord openbaar soos ons voortgaan.

13 Nou laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig, terwyl ons met Hom praat, voor ons die Woord oopmaak.

14 Geseënde en Ewige God, soos ons nederig kom as die skepsels van tyd in U Teenwoordigheid in, vra ons dat U ons sal onthou, Here, en ons sal vergewe van al ons sondes en oortredinge teenoor U.

15 En nou, soos ons hierdie geboutjie oopmaak vanaand vir die Evangelie, sou ons vra dat U ons harte sal toewy aan U Woord en aan U Gees, soos ons die gebou en onsself toewy aan die diens van die lewende God.

16 En Vader, ons bid vanaand, dat U geseënde Seun sal kom in die vorm van die Heilige Gees, en aan ons Sy Teenwoordigheid openbaar, Here. O, mag Hy vir ons, vanaand, die uitermatige oorvloedige doen.

17 Seën al hierdie dierbare mense wat uit is vanaand. Ons bid dat 'n spesiale seëning op die siekes en behoeftiges sal rus, want hulle het gekom vir daardie doel, Here, dat hulle genees kon word. En die rede waarom hulle hier is, bewys dat daar 'n genesingsfontein iewers is. Soos Dawid gesê het in die vergange dae: "Wanneer die diepte roep na die diepte," moet daar 'n diepte wees om op daardie roep te antwoord. So, Vader, hulle is vanaand hier, omdat hulle U glo, en uitsien na daardie "Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are." O Here, skenk hierdie seëning aan ons vanaand.

18 Wanneer ons weggaan van hierdie plek af, mag ons gaan soos hulle wat van Emmáüs af gekom het, nadat hulle heeldag saam met Jesus gewandel het. Hy het met hulle gepraat na Sy opstanding, daardie eerste pragtige Paasoggend, tog het hulle Hom nie herken nie. En toe Hy hulle binne gekry het in die aandtyd, in die skemer, miskien omtrent hierdie tyd, toe die deure gesluit was, het Hy iets gedoen, en hulle het herken dat geen ander mens dit op daardie manier gedoen het behalwe Hy nie. En hulle oë is geopen, en hulle het geweet dat dit Hy was, en Hy uit die dood opgestaan het. O, hulle harte wat spring van vreugde, het hulle teruggehardloop om die res van hulle groep te ontmoet, en gesê: "Waarlik, die Here het opgestaan!"

19 Here, sal U iets vir ons doen vanaand, net soos U dit gedoen het voor U kruisiging, dat hierdie geselskap mag weet dat U altyd God bly? En wanneer ons na ons verskillende huise toe gaan, mag ons sê soos hulle, terwyl hulle gegaan het: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit, in Sy Naam. Amen.

20 Nou vanaand, is ons geselskap klein, en net 'n bietjie, bekend raak. En nou, miskien môre-aand, as die Here wil, wil ek miskien net 'n bietjie vir julle preek, of met julle praat uit die

Woord. Vanaand, net 'n klein openingsprogram wat ons langs die pad gebruik om die bediening voor te stel wat ons probeer verteenwoordig van ons Here, net 'n klein opening Boodskap. En ons tema sal wees, dit word gevind in Hebreërs 13:8:

Jesus Christus dieselfde gister,. . .vandag, en tot in ewigheid.

21 En oorkant in Johannes 12:20, lees ons hierdie vir 'n konteks:

En daar was sekere Grieke onder hulle wat opgekom het om by die fees te aanbid:

Hulle het na Filippus gegaan wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê: Meneer, ons wil Jesus graag sien.

22 En dis waaroor ek wil praat: *Ons Wil Jesus Graag Sien.*

23 Nou, as die Skrif sê dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. . . Nou, vir my, is hierdie Bybel óf die waarheid, óf Dit is nie die waarheid nie. As Dit God se Woord is, dan is Dit waarheid; as dit nie waarheid is nie, dan is dit nie God se Woord nie, want God sou nooit enigiets te doen hê met enigiets behalwe wat absoluut, onvervalste waarheid is nie. Ons glo dit, en ek is seker julle doen dit. Dit moet die waarheid wees.

24 So laat ons nou in die Skrifte kyk. En nou, ek glo dat *Hierdie* die Woord is, my geloof is *Hierop* gebou. Baiekeer het ek die Koran in een hand gehou, die Bybel in die ander voor 'n halfmiljoen Mohammedane, en sê: "Een van hulle moet reg wees, en een van hulle moet verkeerd wees. Nou, as Mohammed lewe, laat hom spreek; as Jesus lewe, laat Hom spreek, besluit julle."

25 Moet nooit bang wees om enige Goddelike belofte van God tot aksie te laat oorgaan nie. En onthou, moet nooit hierdie aanhaling vergeet nie: "Dat die regte denkwyse teenoor enige Goddelike belofte in hierdie Bybel, dit sal laat gebeur." Onthou dit net. Die regte denkwyse teenoor enige Goddelike belofte wat in hierdie Bybel geskryf is, sal dit laat gebeur. So nou, hou dit net in julle gedagte. As God 'n belofte gemaak het, en jy die regte gesindheid sal hê teenoor daardie belofte, sal God alles vervul wat Hy belowe het. Ek weet dat dit waar is. En ek het sarkoomkanker genees sien word daarmee, omdat mense glo dat dit die waarheid was.

26 Nou, wanneer jy gaan praat oor Goddelike genesing, sê hulle partymaal: "Broer Branham is 'n Goddelike geneser." Dis verkeerd. Daar is nie so-iets soos 'n man wat 'n Goddelike geneser is nie, was nog nooit en sal nooit wees nie. Jesus was nie 'n Goddelike Geneser nie, Hy het gesê Hy was nie, "Dis nie Ek wat die werke doen nie, Dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke." Dit was altyd God.

27 In Psalms 103:3 het hy gesê: "Hy is die Here wat al ons ongeregtigheid vergewe; en al ons krankhede genees."

28 En nou, hoe leer ons Goddelike genesing vandag? Dat dit . . . "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

29 Nou, wanneer jy sê . . . As ek in hierdie groepie sou sê vanaand: "Hoeveel van julle is gered, is verlede jaar gered?"

Wel, party van julle sal julle hande opsteek.

"Hoeveel is twintig jaar gelede gered?"

Party sal hulle hande opsteek.

30 Wel, dis potensieel die waarheid, maar tog is dit nie die hele waarheid nie. Julle is negentienhonderd jaar gelede gered toe Jesus vir julle gesterf het, jy het net jou kwytskelding aanvaar 'n jaar gelede, en twintig jaar gelede, ensovoorts. Nou dis . . . Sien, dis—dis 'n verlossingsseëning wat Jesus op Gólgota voltooi het, waar Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is, deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom *het*. Geen mens kan jou sondes vergewe, tensy jy teen hom gesondig het nie, en geen mens kan julle siektes genees nie, want dis alreeds gedoen.

31 As Christus, Self, hier gestaan het vanaand met hierdie pak klere aan wat Hy vir my gegee het, kan Hy jou nie genees nie, Hy het dit alreeds gedoen. Sien? Hy . . . As jy verlos is, hoe kan jy 'n tweede keer verlos word? Julle is alreeds verlos. As jy iets in 'n pandjieswinkel gehad het, en gegaan het en—en 'n kwitansie gee, en jy het 'n kwitansie dat jy daardie ding verlos het van die pandjieswinkel, hoe kan jy dit die tweede keer verlos? Dis alreeds verlos. So ons is 'n verloste produk van God se genade. Prys Sy Heilige Naam! Hy's 'n . . . Ons is nou verlos, fisies en geestelik.

32 Nou, wat het gebeur? Ons trek nou die onderpand van ons verlossing. En as daar geen onderpandsgeld neergesit is vir Goddelike genesing nie, dan is daar geen opstanding nie; as daar nie 'n vreugde en 'n nuwe Lewe is wat nuwe natuur en 'n nuwe persoon maak nie, dan is daar geen Ewige Lewe nie, ons—ons sal eendag 'n einde hê, maar as ons Ewige Lewe het, het dit geen einde nie, want dis God se Lewe.

33 En dan as ons die vreugde daarvan in ons harte het, en ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood na die Lewe, en ons lewe vorm saam met wat God belowe het, dan het ons die onderpand van ons verlossing, in die wete dat ons vir ewig sal lewe, omdat die eienskappe van Sy Gees deur ons werk. En dan, as daar geen Goddelike genesing is nie, dan is daar geen opstanding nie. Sien? So ons moet albei getuies hê, aangesien beide . . . volledige Ewige Lewe, en vir ons opgewekte liggaam is.

34 Nou, ek glo die Woord is die volle Woord van God. God kan iets doen wat nie geskryf is in hierdie Woord nie, ek weet Hy's groot genoeg, Hy kan doen wat Hy wil, maar vir my glo ek net, wat Hy hier geskryf het, is genoeg. Ek wil niks *meer* hê as wat Hy geskryf het nie, maar ek wil *alles* hê wat Hy geskryf het. Sien? Ek

wil nie enigiets daarby voeg, of enigiets daarvan wegneem nie, ek wil net hê wat Hy gesê het.

35 Nou, daar's baiekeer wat mense mag sê: wel, verskillende dinge, *hiermee*, en klein teologieë hê, en klein geloofsbelydenisse, ensovoorts, dis alles reg, maar vir my, ek hou daarvan om net te bly wat Hy gesê het, dan sê ek dit net soos Hy dit gesê het, en dan weet jy jy's reg.

36 Baie van julle manne hier vanaand, julle leraars, weet in die Ou Testament het hulle 'n manier gehad om te weet of 'n man die waarheid gepraat het of nie. En hulle—hulle het 'n man na die tempel toe geneem, en hulle het gehad wat die Urim en Tummim genoem word, en dit was die borsplaat wat Aäron gedra het, en dit het twaalf stene daarin gehad, wat die twaalf stamme van Israel verteenwoordig het. En wanneer 'n profeet geprofeteer het, dromer 'n droom vertel het, en as dit die waarheid was en God in daardie droom was, of in daardie profesie, al daardie ligte het 'n bonatuurlike Lig vertoon, 'n konglomerasie van Ligte dat God teruggeantwoord het. Hoeveel weet dis die waarheid, van julle Bybellesers hier? Goed om predikers hulle hande te laat opsteek. Dit was 'n konglomerasie om bonatuurlike te verteenwoordig.

37 Wel dan, as...Dan het die Aäronse priesterdom en die Mosaïese wette verbygegaan, en nou het ons 'n nuwe priesterdom, en 'n nuwe Urim en Tummim. Die ou Urim en Tummim het saam met die priesterdom gegaan, maar ons het 'n nuwe Urim en Tummim, dis God se Bybel. En dan, as die man die waarheid praat, en die waarheid van God se Woord verteenwoordig, sal dieselfde Woord wat in die begin was, manifesteer en positief word voor jou in die bonatuurlike. As dit nie net so waar is as wat ek weet hoe om dit te sê nie, dan weet ek—ek dit nie in die Skrif nie. Sien? God het 'n belofte gemaak en God moet daardie belofte hou. Sien?

38 Nou, die vraag was, vanaand, vir hierdie Grieke, hulle het hierdie vraag gevra, en ek glo nie dit sal enigiets anders vir ons wees vanaand nie, elke mens wat ooit die Naam van Jesus gehoor het, verlang om Hom te sien. En hierdie Grieke het opgekom, hulle was manne van wysheid en begrip: "En die Grieke soek wysheid, die Jode tekens." En hierdie Grieke het na die fees toe gekom, en hulle het van Jesus gehoor, en hulle het na een van Sy diensknegte toe gekom en gesê: "Meneer, ons wil Jesus graag sien."

39 Nou, ek glo dit sou die begeerte van elke hart hier wees, sou julle Hom nie graag vanaand wou sien nie? Ons sou almal. Wel dan, as—as ons Hom graag wil sien, en hierdie Grieke is die voorreg gegee om Hom te sien, nou, as hulle die voorreg gegee is om Hom te sien, en ons het dieselfde begeerte vanaand om Hom te sien, en die Skrif sê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," waarom kan ons Hom dan nie sien nie? Klink dit reg?

40 Kyk, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en hulle is die voorreg gegee om Jesus te sien, dan vandag sê hulle dat Hy vandag dieselfde is wat Hy toe was, as ons dan dieselfde begeerte het, waarom kan ons Hom nie sien nie? Ons kan beslis, want Hy het dit belowe. Hy . . . Jy moet net gaan volgens Sy Woord, Sy Woord werk.

41 As jy 'n artesiese put aan *hierdie* kant gehad het wat water vyftig voet in die lug op spuit, en 'n oes aan *hierdie* kant wat uitbrand, kan jy nie daar op hierdie heuwel staan en skree oorkant na hierdie water toe: "Kom hiernatoe en gee my oes water! Kom hiernatoe en gee my oes water!" nie. Dit sal dit nooit doen nie. Maar as jy werk volgens die wette van swaartekrag, sal dit daardie water reguit soontoe bring en daardie oes natmaak.

42 En as jy buite in die veld staan, en dis donker ver buite in die woude, en jy het 'n lig nodig, en jy sê: "O, groot elektrisiteit, die lug is vol daarvan, Franklin sê vir ons daar's genoeg in elke kamer om die kamer te verlig, van elektrisiteit. O, groot elektrisiteit, jy's hier, wetenskaplike het bewys jy's hier, maak nou 'n lig, sodat ek uit die woude kan uitstap." Dit sal dit nooit doen nie. Maar as jy sal werk volgens die wette van elektrisiteit, sal dit die woude vir jou verlig. Sien? Dis daar.

43 Nou, God het 'n belofte gemaak, en as ons sal werk volgens die wette van daardie belofte, en God, Sy wette van die Gees, sal ons . . . Hy sal net presies doen wat dit gesê het Hy sal doen. Nou, jy kan nie uitstaan en iets verbeel, en roep daarvoor, en daarvoor skree, of boete doen, en bidsnoergebede, en hardloop oor jou knieë op rotse, en—en—en kerk toe gaan en wees . . . Dit—dit is nie wat dit verg nie, dit neem die wet, en geloof is wat God se wet vir jou is, jy moet geloof hê. Om geloof te hê, kan jy nie geloof baseer net op die dryfsand van die mens se teologie nie, geloof neem sy ewigdurende standpunt in op die onbeweeglike Rots van God se Ewige Woord en rus daar.

44 Net soos Moses se moeder, toe sy hom in die—die arkie gesit het, en hom deur die biesieruigtes gestoot het, daar het sy daar gestaan, haar baba in die einste kake van krokodille gesit, en—en die dood. Maar, julle sien, geloof kan sy standpunt inneem op die Rots van die Eeue, reg oor 'n graf en verby dit kyk na Hom wat gesê het: "Ek is die Opstanding en die Lewe." Sien? Geloof ken geen nederlaag nie, nee, meneer. geloof kan nie verslaan word nie.

45 So ten einde Jesus te sien, moet ons geloof hê om te glo dat Hy hier is en Sy belofte hou.

46 Nou, laat ons dan net 'n bietjie teruggaan in die Skrifte. Nou, die Bybel het gesê Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Nou, as ons kan teruggaan in die Skrif en uitvind wat Hy gister was, dan kan ons verwag dat Hy dieselfde sal wees vandag (Is dit reg?), as ons vind wat Hy was.

47 Nou, in die eerste plek, vind ons dat Hy nie aanspraak gemaak het om 'n Geneser te wees nie, Hy het aanspraak gemaak dat dit Sy Vader was wat in Hom gewoon het, die werk gedoen het, ons weet dit. En dan, sien ons—ons dat Hy nie aanspraak gemaak het dat Hy net lukraak kon genees nie, Johannes nou, julle wat die Skrifte neerskryf, Johannes 5:19, het Jesus gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie."

48 Enigiemand dit al ooit gelees? Goed. Nou, het Hy gesê . . .? Is dit die waarheid, of is dit 'n fout? Dis die waarheid. "Voorwaar, voorwaar," dis *absoluut*, *absoluut*: "Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie. Die Vader werk, en Ek werk tot nou toe."

49 Nou, Hy het pas by 'n groot bad verbygegaan waar duisende mense verlam, kreupel, blind, uitgeteer gelê het, en Hy het deur daardie bad gegaan en rondgekyk. Daar was moeders van waterkop-babas, daar was mense wat kreupel en misvormd was, wat in die water probeer inkom het, regdeur die skare gegaan, nooit een van hulle aangeraak nie, en rondgekyk, totdat Hy 'n man gevind het wat op 'n pallet lê.

50 Nou, ek reken julle Yankees weet wat 'n pallet is. Ek is grootgemaak op een onder in die suide, net 'n deken wat by die deur lê. So toe het hulle . . . Hierdie kêrel het op 'n pallet gelê, en Jesus, die Bybel het gesê Hy het geweet dat hy in daardie toestand was vir *soveel* jare, agt-en-dertig jaar, dink ek. Nou, sien, Hy het dit geweet, Vader het Hom gewys. En Hy het vir daardie man gesê: "Neem jou bed op, en gaan na jou huis toe," en omgedraai en daardie hele skare verlaat, duisende verlamdes, kreupeles, blindes, en uitgeteerdes wat daar lê.

51 En Hy is ondervra, en Hy het gesê: "Voorwaar, Ek sê vir julle die Seun kan niks uit Homself doen nie; maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Met ander woorde, sien, dit het dit reguit teruggebring, die Vader het Hom gewys waar daardie man daar gelê het, sy toestand, Hy het na hom toe gegaan, hom genees, weggestap, God geprys. Hy kon niks anders doen nie, want Vader het Hom niks anders gewys nie. As dit Jesus gister was, is dit Jesus vandag.

52 Nou, kyk wat Hy gesê het: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie," (Het Hy dit gesê?) "tog sal julle My sien," (Nou, die wêreld is die ongelowige, ons weet dit altyd, dis *kosmos* in die Grieks wat "die wêreldorde" beteken, goed.) "die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien," *julle*, die Kerk: "want Ek," *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld." Sê die Skrif dit? Ons weet almal Hy het dit gesê.

53 Nou, hoe kon Hy Homself nou manifesteer? Hy het gesê: "Ek is die—die Wynstok, julle is die lote." Nou, die wynstok

dra nie vrugte nie, dit—dit gee lewe aan die loot en die loot dra vrugte. Julle mense hierbo in Concord behoort dit te weet, met julle druiwe, ensovoorts, julle, en julle vrugte. As jy dan na 'n druiweboom gaan, of, 'n wingerdstok, sou jy verwag om druiwe te kry, as dit 'n wingerdstok is. Die wynstok sal nie die vrugte dra nie, maar die lote sal druiwe dra, dis reg.

54 As jy na 'n appelboom toe gaan wat 'n goeie, vrugbare boom is, sal dit appels voortbring, 'n peerboom sal pere voortbring, 'n waatlemoenrank sal waatlemoene voortbring, 'n pampoenrank sal 'n pampoen voortbring, alles word op sigself geken, dan sal die Gees van God in Sy Kerk, die Lewe van Christus reproduseer as Hy die Wynstok is, en ons is die lote. Sekerlik.

55 Julle sien, ons het dit verander, ons het dit gemaak om by die kerk aan te sluit, teologie te onderrig, skool te hê, niks daarteen nie, maar julle sien, dis nie wat Hy gesê het nie. "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen; meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader. 'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien; want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld. Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

56 Hier, vriende, is hierdie foto, ek reken hulle het dit 'n rukkie gelede gewys, hierdie foto hier, hulle het dit in Duitsland gekry en oral om die wêreld. Sedert 'n klein kindjie, het ek dit gesien. Nou, vir my, as julle dit sal verskoon, ek . . . Dis nie my foto nie, ek het niks te doen met hierdie deel nie, Dis die Engel van die Here.

57 Nou, hoeveel Bybelleraars, hierbinne, weet dat die Engel van die Here, wat die kinders van Israel deur die woestyn gelei het, Christus was? Is dit reg? Toe Hy op aarde was, het hy gesê, het hulle bevraagteken, Johannes 6, het hy gesê: "Wel, jy . . . nou weet ons dat u 'n duiwel het, as U sê U was voor Abraham, voor Moses, en voor *dit*, *dat*."

58 Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Is dit reg? Wie was die EK IS? Die Engel wat met Moses gepraat het in die Vuurkolom in die brandende bos. Hy het die kinders van Israel deur die woestyn gelei, toe het Hy vlees geword en onder ons gewoon, God wat vlees geword het, die Bybel het gesê Hy het. God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen. Hy was die Tabernakel waarin God gelewe het, 'n maagdelike geboorte gebore, en was in hierdie Tabernakel van Sy Seun, wat manifesteer, wys, Homself uitbeeld aan die wêreld, Hy wat die Seun van God is, dat Hy ander aangenome seuns in die Koninkryk kan inbring.

59 Nou, toe hierdie Vuurkolom in Hom was, aan die einde van Sy reis het Hy gesê: "Ek het van God af gekom; en Ek keer terug na God toe." Toe het Hy van die Vuurkolom af gekom, en

teruggekeer na dieselfde as Hy die waarheid vertel het, as Hy die EK IS was, wat in die brandende bos was.

60 Nou laat ons sien of dit Skriftuurlik is. Nie baie lank daarna nie, was daar een genaamd Saul, wat later Paulus genoem is, hy was op sy pad na Damaskus, en meteens het 'n helder Lig in sy gesig geflits wat helderder was as die son, en selfs vir Paulus verblind het totdat hy geval het, en Hy het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Dit reg? Weer terug na die Vuurkolom, dieselfde Een wat vir Petrus uit die tronk verlos het, nie lank daarna nie.

61 Dan in hierdie laaste dae, as Hy na die Heidense kerk toe gekom het, as hierdie Sy foto is . . . George J. Lacy, die hoof van die FBI, het dit ondersoek, die Duitse ondersoekers, Switserland, regdeur die wêreld, hy het gesê: "Daar . . . " Julle sal dit vanaand sien as Hy kom, en julle sal dit sien.

62 Nou, as Dit die Gees van Christus is, sal Dit dieselfde getuienis moet dra, Dit sal dieselfde vrugte moet dra, Dit sal dieselfde ding moet doen, Dit sal dieselfde God moet verklaar, Dit sal presies die vrugte van die Wynstok wees, as ons Sy lote is. Is dit reg?

63 Nou, Dit kan nie net deur een werk nie, Dit sal deur ons almal moet werk, ons is almal Sy Kerk. Julle Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, Pinkster, Gemeentes van God, wat julle ook al is, ons is Sy lote, en as ons in daardie Wynstok is, dra ons Sy Lewe, kan nie daarvan wegbly nie. En as daardie Vuurkolom dieselfde Vuurkolom is, sal Dit optree op dieselfde manier wat Dit het toe Hy hier gestaan het, vlees geword het en onder ons gewoon het, Dit sal in ons vlees wees vanaand, wat Ditself manifesteer. Is dit reg? Dan sou ons Jesus sien, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

64 Laat ons kyk hoe Dit Ditself gemanifesteer het in Sy dag. Laat ons nou neem, ons lees uit Johannes, die, ek dink die 12de hoofstuk, ja, laat ons teruggaan na die 1ste hoofstuk, lees julle dit wanneer julle huis toe gaan. Volg my nou in die Skrifte, as julle wil, net vir 'n paar oomblikke. [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] (Verskoon my.)

65 Nou, let op, toe Jesus in Sy aardse bediening geroep is, onmiddellik, was daar een bekeer en gehardloop vir sy broer. En toe—toe hy gekry het . . .

66 Is . . . ? Praat ek te hard daar? Gaan dit julle doof maak? Ek was gewoond om te praat in . . . buitelug, en stadions, en dinge, en ek bedoel nie om op julle te skree nie.

67 Maar toe hy gegaan het na sy . . . sy broer gekry het, en hy sy broer teruggebring het . . . En ons ken sy broer as Simon Petrus.

Op daardie tydstip was hy nie daardie naam nie. So hy het opgekom in die Teenwoordigheid van Jesus. Laat ons hom nou net 'n oomblik dophou, kyk wat Jesus gister was. En as ons kan vind wat Hy gister gedoen het, dan moet Hy dieselfde optree in Sy Kerk vandag, om dieselfde te wees. Nou, hou dit in julle gedagte.

68 En toe Filippus gegaan en gevind het, ek bedoel Andréas het gegaan en sy broer gekry, en hy het hom na Hom toe gebring, en die eerste ding toe Jesus hierdie man gesien het . . .

69 Die Bybel het gesê hy was 'n onkundige en ongeleerde man, het nie, kon nie eens sy eie naam teken nie. Onkundig en ongeleerd, en het die hoof van die Kerk geword. Wat het ons opvoedkundige program daarmee te doen? Sien? 'n Man wat nie sy eie naam kon teken nie, het die sleutels van die Hemel gehad, en die Koninkryk van God wat aan sy sy hang, Petrus. Dis korrek. 'n Ou visserman, wat nie sy ABC's geken het nie, waarskynlik nie baie ver kon tel nie, nie eens sy naam kon teken nie, die Bybel het gesê hy was beide onkundig en ongeleerd. Skrif is reg, dis in Handelinge 4. Goed. Let op, Johannes was, ook.

70 Maar sodra hierdie ou visserman opgekom het in die Teenwoordigheid van die Here Jesus, het Jesus na hom gekyk, en Hy het gesê: "Jou naam is Simon, en jou vader se naam is Jona." Dit reg?

71 Wat dink jy moes daardie visserman gedink het? "Hoe het U my geken? Wel, U moet die Messias wees! Hoe het U my geken, geweet dat, wat my naam was, en wie my vader was?"

72 En vinnig toe, het een met die naam van Filippus vyftien myl om die berg gehardloop na 'n plek waar hy 'n baie goeie Presbiteriaan gevind het, of 'n baie goeie ortodokse gelowige, en hy was buite in die wingerd, in die olyfboord in, aan die bid.

73 En sodra . . . Kom ons dramatiseer dit sodat die kleintjies dit sal kry, en soos hy uitgegaan het in die boord, miskien sy vrou, toe hy gegaan en gesê het: "Waar is Natánael?"

"O, Filippus, ons is so bly om jou te sien. Natánael, hy's agter in die boord."

74 En hier gaan Filippus terug, loop rond deur die boord, kyk wat hy kon vind. Naderhand het hy iemand hoor bid, hy het onder 'n boom gekyk, en daar het Natánael onder die boom gestaan, of gekniel, liewer, gebid, en Filippus, wat gewag het om te sien tot hy klaar was, en toe hy gesê het: "Amen," en omgekyk het, het hy gesê: "Wel, Filippus, ek is bly om jou te sien."

Hy het gesê: "Kom kyk vir Wie ons gevind het!"

75 O, as hierdie groep vanaand, van julle mense hier van Concord, in hierdie groot hoofstad, van een van die mooiste state in die Unie, as jy daardie entoesiasme oor Christus kon hê! Hy het nie gewag, sê: "Ek is bly om jou te sien," nie, niks daarvan nie,

hy het gesê: "Kom kyk vir Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef."

76 Daardie entoesiasme, die kerk het vandag sy entoesiasme verloor. Hoekom? Omdat dit buite die Wynstok uitgekom het, dis nie meer bekragtig deur die Gees, fonteine van water wat opborrel in ewigdurende Lewe in nie, hulle het daardie ywer verloor, iets is weg. God bly dieselfde, Christus bly dieselfde, maar Sy kerk het ditself verwyder van Sy verbinding, die Wynstok, die Gees.

77 En toe, toe hulle dit sien gebeur het, wat dink julle het gebeur toe hy gesê het: "Kom kyk vir Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef"?

78 En hierdie ortodokse man, baie goeie man, beginselvas in elke opsig, hy het gesê: "Nou, net 'n oomblik, Filippus, jy moes iewers aan die diep kant afgegaan het. Watter goeie ding kon uit Násaret uitkom? As jy dink dis die Messias, as die Messias sou kom, sou Hy na die tempel toe kom."

79 Dis wat julle Katolieke dink, Hy sou na Rome toe gaan, julle Presbiteriane dink Hy sou na julle biskop toe gaan, julle Pinksters dink Hy sou na die staatspresbiter toe gaan, maar Hy gaan na waar Hy ook al wil gaan, dis Sy besigheid.

80 "O, Dit sou na my denominasie toe moes kom, as Hy kom." Dis wat Filippus gedink het, of, wat Natánael gedink het, "Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom, 'n klein plekkie soos daardie? As die Messias sou kom, sou Hy na Sy groot tempel in Jerusalem toe kom. Hy sou kom, Kajafas, die hoëpriester sou die alarm oral uitbasuin."

81 Julle sien, die manier waarop Hy Homself daardie dag voorgestel het, was nie vir daardie soort mense nie, en dis dieselfde vandag. Hy bly dieselfde, Sy gesindhede. Gees verander nie, mense verander van een gees na 'n ander, maar gees bly dieselfde. Daardie stywe, ortodokse leraars, hulle bly steeds vandag; daardie nederige, buigbare mense wat gewillig was om te buig in die Teenwoordigheid van God, hulle is vandag nog hier. En die Heilige Gees is hier, en die gees van die duiwel is hier, jy's besete van een of die ander, nie albei van hulle nie, een of die ander, kan nie twee meesters op een slag dien nie, sê die Skrif.

82 Nou let op, wat het hy gesê? "Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

Ek dink hy het hom die beste antwoord gegee wat enige man hom kon gee, gesê: "Kom kyk."

83 Moenie by die huis sit en kritiseer nie, moenie net sê: "Wel, miskien is dit reg so," nie. Kom vind uit vir jouself. Dis hoe om dit te doen, kom sit, luister self, ondersoek die Skrifte.

84 En langs die pad, soos hulle aangaan, laat ons hulle net 'n bietjie volg, ek kan Filippus vir Natánael hoor sê: "Jy ken daardie

ou visserman, die dag wat jy die vis gekry het, wou jy hê hy moet die kwitansie teken, en hy kon dit nie teken nie?"

"Ja."

"Hy het opgekom in die Teenwoordigheid van hierdie Jesus van Násaret, en Hy het vir hom gesê wie hy was, Hy het vir hom gesê wat sy pappa se naam was, Jona. En jy weet, dit sou my nie verbaas as Hy jou nie gesê het wie jy is, wanneer jy kom nie."

"O, nou net 'n oomblik, ek glo nie in sulke goed soos daardie nie. Ek sal dit met my eie oë moet sien."

Gesê: "Komaan."

85 En toe hulle in die Teenwoordigheid van Jesus gekom het, 'n vyftien-myl reis om die berge, en toe hulle opgekom het in die Teenwoordigheid van Jesus, miskien in die gebedsry, waar dit ook al was, weet ek nie, dit sê nie: maar toe hy in die Teenwoordigheid van Jesus ingekom het vir die eerste keer, kyk wat Jesus gister gedoen het: Hy het gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

86 Nou, julle het gesê: "Natuurlik, hy was so aangetrek."

Almal van hulle het dieselfde aangetrek, hy kon 'n Arabier gewees het, hy kon Grieks gewees het, almal van hulle het die buitenste kleed gedra met 'n tulband.

87 Hy het gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" Hy kon 'n verkuller gewees het, 'n moordenaar, 'n dief.

En dit het hom so verstom dat hy gesê het: "Rabbi," wat *leraar* beteken: "wanneer het U my ooit geken?"

88 Kyk hoe die antwoord terugkom: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Watter oë! Vyftien myl om die berg dag vantevore.

89 Dit was Jesus gister, as Hy dieselfde is vandag, moet Hy dieselfde bly in Sy mense vandag as wat Hy toe was. Wat het Hy gesê? "Ek doen niks totdat die Vader My wys nie." Die Vader het Hom gewys dat hy onder die boom was voor hy gekom het. Hy het Hom Simon gewys, wie hy was voor hy gekom het, Hom vertel wie sy vader was. Julle sien, nou, dis hoe Jesus begin het om Homself te verteenwoordig.

90 Nou, hoeveel weet daar's net drie rasse mense? Dis Gam, Sem, en Jafet se mense. Sekerlik. Kom van die seuns van Noag af, as die Skrif korrek is. Goed. Dis Jood, Heiden, en Samaritaan. Die Samaritaan is half Jood en Heiden.

91 Aan julle mense wat julle Skrif lees: Petrus het die sleutels tot die Koninkryk gehad, by Handelinge 2, het hy dit oopgemaak vir die Jode in Jerusalem, reguit afgegaan. Filippus het afgegaan, vir die Samaritane gepreek. Die. . . En een was daaronder voor hom, met die naam van Stéfanus, of, nie Stéfanus nie, maar

kom ons kyk of ek sy naam net binne 'n oomblik kan noem, my gedagtes net nou beweeg, Filippus, en hy het afgegaan en vir hulle gepreek, en hulle het die Woord ontvang, maar het nie die Heilige Gees ontvang nie, want Petrus het die sleutels gehad, afgekom en hande op hulle gelê, Heilige Gees het op hulle gekom.

92 Handelinge 10:49, die Heidene, daarbo toe Petrus die Evangelie aan die Heidene oopgemaak het, en van toe af, het alle nasies dit gehad, Dit het nie meer daarvan gepraat nie. Wat was dit? Jood, Heiden, en Samaritaan.

93 Nou, toe Jesus Homself voorgestel het aan die Jood, sien julle hoe Hy dit gedoen het, in die heel eerste van Sy bediening?

94 Nou, kyk wat Filippus gesê het: "U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

Dis wat daardie regte stoere Jood gesê het, toe Hy gesê het: "Ek het jou gesien, voor jy . . . toe jy onder daardie boom was, het Ek jou gesien."

En Filippus het gesê, of, Natánael het gesê: "U is die Seun van God; die Koning van Israel."

Jesus het gesê: "Omdat Ek vir jou gesê het Ek het jou onder daardie boom gesien, glo jy My?"

Gesê: "Ja."

"Wel, dan sal jy groter as hierdie sien." Sien? Hy was in 'n posisie om iets te weet, om verder met God te kom.

95 Maar daar was diegene wat daar gestaan het, die Jode, ware geleerdes, Ph.D., D.D., dubbel L.D., baie geleerd. Weet julle wat het hulle gesê? Hulle het gesê: "Hierdie man is 'n fortuinverteller, hy het die gees van 'n duiwel, Beëlsebub." Hoeveel weet dit? "Hy doen dit deur die krag van Beëlsebub, 'n fortuinverteller." En enigiemand weet dat fortuinvertellery van die duiwel is. So hy het gesê: "Hy—hy is 'n fortuinverteller, Beëlsebub, die prins van hulle. Hy's die grootste van al die fortuinvertellers."

96 En wat het Jesus gesê? "Julle dit teen My sê, sal Ek julle vergewe, maar wanneer die Heilige Gees gekom het om dieselfde ding te doen, sal een woord Daarteen nooit vergewe word, in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie." Is dit wat die Skrif sê?

97 So daar is diegene wat gebore is vir Ewige bestemmings, daar is diegene wat dit nie kan help nie. Hulle is blind, en die duiwel het hulle verblind . . . Hulle sal dit nooit sien nie, hulle kan dit nie sien nie.

98 En onthou nou, dan sal ons sien . . . dis hoe Hy geweet het . . . Homself bekend gemaak het aan die Jood.

99 Nou, Hy gaan eendag verby, in Johannes . . . Trek nou julle Skrif reguit oor na die 4de hoofstuk, ons was in die 1ste hoofstuk

daar, gaan na die 4de; Ek kom terug na 3de net binne 'n oomblik, dan gaan ons afsluit.

100 Let op, toe, toe Hy oorgegaan het na die—die Samaritane toe, sou Hy, en Hy het deurgegaan, by Samaria, en Hy het na 'n sekere stad toe gegaan, en die put is steeds daar aan die buitekant van die stad, 'n panorama, iets soos hierdie hier, ranke het opgegroei rondom dit, en 'n put.

101 Al die vroue gaan daar uit in die oggend en dra hulle water, hulle . . . en kan praat, soos net vroue maak, julle weet, en hulle pot laat sak, die water gekry, en dit bo-op hulle kop gesit. Ek het hulle 'n groot pot bo-op hulle kop sien sit, wat omtrent vyf gelling hou, een op elke heup, reg in die straat af loop en praat, hulle kop vir mekaar knik, geeneen mors 'n druppel nie, net so perfek, want hulle word van klein kinders af grootgemaak daarvoor.

102 En hulle . . . Dissipels het ingegaan om bietjie brood te kry, bietjie kos; Jesus het alleen gesit. Hoekom? Die Bybel het gesê Hy moes deur Samaria gaan. En Hy het daar gaan sit, en daar kom uit, kom ons sê sy was 'n pragtige vrou. Natuurlik, ons verstaan hier in hierdie land, dat sy 'n prostituut was, sy was al *soveel* keer getroud, en het toe in owerspel gelewe. En sy het gekom reg langs waar Jesus was, haar pot laat sak om bietjie water te kry. En Jesus het gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

103 En sy het gesê: "Meneer, dis nie gebruiklik vir julle Jode om vir ons Samaritane sulke goed te vra nie." Gesê: "Ons het geen gemeenskap met mekaar nie, ons het nie sulke gewoontes nie, want daar's 'n segregasie. Jy's Joods en ek's 'n Samaritaanse vrou, ons het nie sulke gewoontes nie, en geen besigheid met mekaar nie."

104 Jesus het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink, en Ek sal vir jou water bring, vir jou water gee, wat jy nie hiernatoe kom om te skep nie." Wat het Hy gedoen? Haar gees gekontak.

105 En sy het gesê: "Wel, U sê U is groter as ons vader Jakob, wat die put gegrawe het, en hy—hy het daaruit gedrink, en sy kinders en sy beeste, ensovoorts?" En gepraat van aanbid op die berg, by Jerusalem.

106 Die gesprek het voortgegaan totdat Jesus gevind het waar haar probleem was. Weet enigiemand waar haar probleem was? Sekerlik. Sy het vyf mans gehad. Hy het gesê: "Vrou, gaan haal jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie, Meneer."

Gesê: "Dis reg. Jy het vyf mans gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie. Jy het reg gesê."

107 Wat het sy gesê? "Daardie man is 'n fortuinverteller"? Nee. Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is."

108 Nou, as julle daardie *Profeet* sal terugneem, dis die Een waarvan Moses gepraat het, wat sou kom. Sien? Sien? "Ek sien dat U 'n Profeet is. Nou, ons," Samaritane: "ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel. Maar Wie is U?"

Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?"

109 Daardie vrou het meer van God af geweet, daardie prostituut, as die helfte van die New England predikers. Dis reg. Nie net New England nie, maar die hele wêreld. Sien, hulle het net so verdiep geraak in teologie, dis al wat hulle weet. Maar hierdie vrou is geestelike dinge geleer, en sy het geweet dat, toe daardie Profeet van profete, daardie Koning van profete, gekom het, dat Hy die Een sou wees wat die geheim van die hart sou openbaar. O, goeiste! Waarom kan ons nie wakker word nie?

110 Nou kyk, nie een keer het Jesus dit ooit gedoen in die teenwoordigheid van 'n Heiden nie, nie een keer nie. Hoekom? Die Evangelie het nog nie na die Heiden toe gegaan nie. Weet enigiemand dit? Toe Hy hier was, het Hy gesê. . . Hy—Hy het nie na die Heidene toe gegaan nie, en Hy het Sy dissipels verbied om na die Heidene toe te gaan. Is dit reg? Gesê: "Moenie gaan op pad na die Heidene nie, maar gaan liewer na die verlore skape van Israel." Hy het dit verbied. Hoekom? Die Heidene het tweeduisend jaar in hulle kerk gehad. Hulle was heidene in daardie dae, ons mense was, heidene. So hulle het tweeduisend jaar van teologie.

111 Nou, as die afsluiting van die Jode, toe Hy Sy rug gedraai het op die Jode, en dis hoe Hy Homself bekend gemaak het aan die Jode op daardie manier, Hy moet dit doen in die afsluiting van die Heidene, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy Homself so aan die Jode gemanifesteer het.

112 As ons hierdie Heidense bedeling gaan afsluit met net teologie: "Ek's 'n Presbiteriaan. Ek's Pinkster. Ek's Metodis. Ek's—ek's Katoliek," as Hy so afsluit, dan kan Hy nie regverdig wees nie. Hy moet Homself op dieselfde manier voorstel wat Hy het aan die Jood, en aan die Samaritaan. Nie een keer in die hele geskiedenis het Hy dit gedoen nie, want hierdie is die einde van die Heidense bedeling.

113 Die handskrif is aan die muur, en julle weet dit almal. Hulle het 'n sputnik hierbo wat ons 'n satelliet kon wees in die oggend, en die nasies bewe en bewe. En Hy het belowe Hy sal 'n volk uit die Heidene neem vir Sy Naam, maar slegs diegene wat God vooraf geken het deur uitverkiesing, sal Hy roep.

114 As jou hart verhard is, God wees genadig. As jou oë oop is om te sien, God seën jou. Sien? Dis reg. "Want niemand kan na

My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." Hulle het Hom nie gesien nie, hulle het Hom nie verstaan nie, hulle het gedink Hy was 'n fanatikus, of 'n spiritualis, of 'n duiwel in daardie dae, omdat hulle oë gesluit was, die profeet het gesê hulle sou gesluit word.

115 Baie wonderwerke het Hy tevore gedoen, tog kon hulle nie glo nie, Matthéüs, 12de hoofstuk, want Jesaja het gesê: "Hulle het oë, en kan nie sien nie, ore, en kan nie hoor nie." Sien? Alhoewel die wonderwerke wat Hy gedoen het, tog kon hulle dit nie verstaan nie. Hulle het gesê, die groot kerk het gesê: "Hy's 'n duiwel." So dis wat hulle ook geglo het.

116 Nou onthou, God neem Sy man, maar nooit Sy Gees nie; die duiwel neem sy man, maar nooit sy gees nie. Dieselfde Gees wat op Elía was, het op Elisa gekom; dieselfde Een wat op Elisa was, het op Johannes die Doper gekom agthonderd jaar later; die Heilige Gees wat op Christus was, kom op die Kerk, en sal bly totdat Jesus kom.

117 Nou, wat het gebeur? Wat is anders aan hierdie dag, as van die begin af? Die profeet het gesê daar sal 'n tyd van die dag wees, dat dit nie dag of nag sal wees nie, 'n somber, triestige tyd.

118 Die Seun het opgekom in die ooste, dis wat Jesus was op die Oosterse mense, Samaritane, en ook vir die Jode. Hy het Sy Lig geskyn, en daardie . . . toe Hy Homself daar verteenwoordig het. Ons het deur hierdie hele lang dag gekom, van net 'n somber, genoeg om kerke te hê, teologie te hê, hande te skud, jou naam op die boek te plaas, denominasies te hê, ensovoorts, maar die profeet het gesê: "Dit sal Lig word in die aandtyd." Het hy dit gesê? Goed.

119 Hoe het beskawing beweeg? Van oos na wes. Ooste en weste het nou ontmoet, ons is by die Stille Oseaan-kus, die volgende beweging is weer oos. Nou wat? Dan sak dieselfde son wat opkom in die ooste, in die weste; dieselfde Heilige Gees wat gekom en Christus verklaar het in die Oosterse mense, en was al hierdie jare van teologie ensovoorts, nou het die wolke gebreek, en die Lig skyn op die Westerse mense net voor die ondergang van die son. Ons is aan die eindtyd, my broer; ons is aan die eindtyd, suster.

120 Nie ek nie, ek het niks daarmee te doen nie, ek's net julle broer, ek het nie een ding daarmee te doen nie. Ek is net julle broer en julle dienskneg in Christus, of medeburger van die Koninkryk. Maar Christus bly dieselfde, en dis tyd vir hierdie dinge om te gebeur, harte wat beswyk, vrees, sputniks in die lug.

121 Een ekstra drankie van vodka, en hulle kon 'n hefboompie trek, en ons sou poeier wees binne twee minute. En die wêreld sou reg in die son invlieg daar oorkant, net wat die Skrif voorspel dit sal doen. Maar onthou, die Kerk sal Huis toe gaan voor dit gebeur. En as dit kon gebeur voor die oggend, wat kon gebeur met

die Kerk wanneer Dit eerste gaan? God is regverdig om Homself te wys dat Hy steeds Christus bly, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

122 Het julle tyd vir nog een aanhalinkie, voor ons bid? Luister hierna: Eendag het Jesus verbygegaan, en Hy het voortgegaan, oor 'n see, daar het 'n klein mannetjie afgekom, sy dogter was dood, en Hy het gesê: "Ek—Ek sal haar gaan wakker maak."

123 En daar was 'n vrou daarbo, wat gesien het sy kon nie in die ry kom nie, mans het oral gedruk, en Hom op die rug geklop, ensovoorts. En Hy het aangestap, klein, nederige soort Kêrel, die Bybel het gesê: "Daar's geen skoonheid, ons Hom sou begeer nie," waarskynlik 'n baie klein Mannetjie. En soos Hy aangegaan het, hierdie vroutjie het 'n bloedvloeïng gehad vir baie jare, net verby die menopouse gegaan, as julle verstaan, en sy het in haar hart gesê, nie in haar kop nie, in haar hart: "As ek daardie Man se kleed aanraak, sal ek gesond gemaak word." [Leë kol op band—Red.]

124 "...soos daardie." Die Bybel het gesê hy het Hom bestraf. En gesê: "Wel, die hele menigte raak aan U!"

125 Hy het gesê: "Ja, maar Ek—Ek het swak geword." Dit was 'n ander soort aanraking. O, Concord, gee daardie aanraking. 'n Aanraking: Hy het gesê: "Ek het swak geword, daar het krag van My uitgegaan," krag. "Ek het swak geword." En Hy het rondgekyk.

Vrees, almal wat hulle kop skud: "Nie ek nie, nie ek nie, nie ek nie." Sien? "Ek het nooit. Nie ek nie." Sien?

126 Rondgekyk, en Hy het oorkant in die gehoor gekyk, en Hy het die vroutjie gevind, En Hy het gesê, vir haar gesê wat haar probleem was, en haar geloof het haar gesond gemaak. Is dit reg? Was dit Jesus gister? Wel, as Hy dieselfde is vandag! Enigste verskil is Sy vleeslike liggaam. Soos Hy belowe het, die Wynstok wat deur die Kerk werk. Is dit reg? Dis Sy belofte. Hy sou hê...

127 Nou, hoeveel van julle Bybelstudente...? Nou luister goed, sê die Skrif in die Boek van Hebreërs dat Jesus Christus, vandag, 'n Hoëpriester is, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Sê hy dit? Dit sê so.

128 Dan as Hy die Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, hoe sal Hy optree, as Hy die Hoëpriester is, en Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Hoe sou Hy optree? Hy sou op dieselfde manier moes optree as wat Hy het as Hy dieselfde is. Is dit reg?

129 So dit is nie nodig vir julle om hierbo op die platvorm te wees nie, glo julle net wat ek julle van God se Bybel vertel het, en sê julle: "Here Jesus, ek het behoefte vanaand. Ek het nie enige gebedskaartjie nie, ek sal nie in die ry wees nie, maar hierdie prediker het vir my gesê dat—dat U dieselfde is, en daardie

vroutjie het U kleed aangeraak, en U het omgedraai na haar, en U het vir haar haar toestand vertel en haar geloof het haar gered, Here God, doen dit vir my vanaand."

130 Moenie—moenie . . . Nie ek nie, julle sien, ek het niks- . . . Sien, dis net 'n gawe wat ek myself oorgee aan die Gees. Dis die Gees wat dan deur ons albei werk, julle sien, dit doen dit, dis hoe dit met haar was. Hy het nie geweet wie dit gedoen het nie. Maar haar geloof in God het dit gedoen. Nou, as Hy dieselfde is, kan jy Hom vanaand aanraak met 'n gevoel van jou swakhede. Is dit steeds waar? "Menere, Ons Wil Jesus Sien."

131 Hoeveel weet dat ek bladsy na bladsy aangehaal het van wat die Skrif sê Jesus gister was? Glo julle almal dit, in die Bybel? Nou, as Hy sal, met ons . . . nou, moenie . . . nie net ek nie, almal van ons saam, wat saamwerk met die Heilige Gees, sal dieselfde ding doen, die siekes genees, en dieselfde ding doen wat Hy toe gedoen het, hoeveel sal sê: "Ek sal Hom meer liefhê, as ek 'n Christen is, en as ek nie is nie, sal ek 'n Christen wees. En as ek—as ek verkeerd gedoen het, sal ek Hom vra om my te vergewe. As ek siek is, sal ek my genesing aanvaar," hoeveel sal dit doen? Steek jou hand op, sê: "Ek sal dit doen."

132 Ek's 'n totale vreemdeling vir elke persoon hier, buiten Dr. Vayle hier, en my seun iewers, hy mag dalk nie eens nou hier wees nie, hy's iewers. Dis al wat ek in die diens weet. O, ek glo hierdie is 'n opnameseun hier, ek—ek weet nie wie jy is nie, seun, maar julle was saam in die dienste, aan die sing, of iets, dis die enigste persoon wat ek ken. Hoeveel weet daarbuite dat ek vreemd is vir julle? Steek julle hande op. Weet niks van julle af nie? Christus ken julle wel.

133 Het Billy gebedskaartjies uitgegee? Het hy? [Leë kol op band—Red.] . . . niks behalwe die Skrif nie. Dis al. Goed. Hoeveel het jy gemis, Billy? Almal, almal is dan daar. Wel, dis goed dan. Dis goed. Ons sal in elk geval net daar begin. Goed. Nou ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees.

134 Nou hierdie is die tyd dat wanneer God moet antwoord vir Sy Woord, of Sy Woord vals is, en ek 'n valse getuie bevind word. Is dit reg? Ek het die Skrif aangehaal, Sy belofte aangehaal, julle vertel die dag waarin ons gelewe het, wat ook al, wat Sy belofte was. Hier is dit, dit sit alles hier, vir julle 'n foto van Hom wys wat die FBI in Washington, DC gehang het, as die enigste Bonatuurlike Wese wat ooit wetenskaplik bewys is om gefotografeer te word. En wat was Dit toe? Dieselfde Here Jesus.

135 Maak nie saak hoe daardie prentjie sou lyk nie, as dit nie dieselfde vrugte gedra het nie, sou dit verkeerd wees, dit kan net enige soort lig wees, maar as daardie Lig die vrugte van die Here Jesus dra, dan is dit Hy, dieselfde Een. Aan hulle *wat* sal jy hulle ken? [Gemeente sê: "Vrugte."—Red.] Daar het julle dit. As hierdie . . .

136 Jy sê: "Broer Branham, jy mag iets anders wees. Hierdie mag wees . . . mag nie wees nie."

137 Maar as Dit die vrugte van die Heilige Gees dra, sal Dit net presies doen wat die Here Jesus gedoen het. Is dit reg? As dit nie, dan is dit nie Hy nie. Dis net al. Ek wil niks daarmee te doen hê as dit nie is nie. Dit moet Hy wees, of ek wil nie hê . . . Ek wil die regte ding hê, wil julle nie? Ek wil nie 'n man se lering hê nie, ek wil hê wat God in Sy Bybel gesê het.

Nou laat ons bid.

138 Here, hierdie is die uur wat iets moet gebeur. Hierdie is my eerste keer in hierdie lieflike staat. Hoe ek my ou vriend, Bert Call kan onthou. Hoe ek Gramy Lowe en hulle almal kan onthou, bo in die noordelike deel van hierdie staat, hoe ons buite in daardie ou skure, en buite op die berghange, sit en gesels het, en die wonderlike tye wat ons saam gehad het.

139 God, party van daardie manne sit dalk hier vanaand, vir al wat ek weet. Hierdie is hulle eerste keer om U in hierdie groot staat te verteenwoordig, net hier in hulle hoofstad. God wees genadig. Verberg ons, Here, ons is gelowiges, ons het U lief. Ons glo ons is aan die einde van die pad, Here. Ons glo dat U binnekort kom, en ons glo dat U nou U mense se harte voorberei om dit te ontvang.

140 O Here, mag ons vanaand maak soos hulle by Emmaüs, soos ek alreeds gespreek het, mag ons kyk en Hom iets sien doen net soos Hy het voor Sy kruisiging, dan sal ons weet dat Hy nie in geen graf is nie, die Jode het Hom nooit weggesteel nie, geen soldate nie, Hy lewe.

141 Tweeduisend jaar het verbygegaan, en U is nou nog net so lewendig, soos U was voor die grondlegging van die wêreld ooit gelê is, en sal wees wanneer daar geen maan, of sterre, of son meer is nie, U sal altyd lewe. En omdat U lewe, lewe ons, ook, en U Ewige Lewe wat in ons werk, dieselfde teken voortbring wat U gedoen het volgens U Belofte. God, laat hierdie mense dit nie mis nie.

142 Vader, ek vertrou dit alles toe aan U, gee myself oor aan U, en laat daardie Engel van God, Wie se foto hier geneem word, O Christus, kom nou, dat die mense mag weet dat ek hulle nie enigiets valslik vertel het wat verkeerd is nie, dat dit waarheid is, en U bevestig U Woord, deur Jesus Christus. Amen.

143 Nou aan julle, wat hierdie hier laat werk, hou dit net dop, want ek weet nie hoe—hoe swak ek word, hoe swak my stem word nie, ek het geen idee nie, dis visioen.

Is dit die dame?

144 Nou moenie rondbeweeg nie, sit net baie stil. Wees almal in gebed, wees baie eerbiedig.

145 Nou, hier is dit vanaand, 'n vrou, net waarvan ek gepraat het. Johannes 4, hier's 'n prentjie van Johannes 4, net 'n drama. Hier's 'n vrou, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Ek reken ons is vreemdelinge (Is ons?), vir mekaar? Ons ken nie mekaar nie. Goed. Hierdie is ons eerste ontmoeting in die lewe.

146 Nou, wat as. . .? As dit was net soos dit destyds daar in die dae was toe ons Here hier in 'n fisiese liggaam was, nou, wat sou Hy doen? Kon Hy sê: "Dame, jy's siek, Ek gaan jou genees"? Nee. Hy doen dit nie so nie, sien, Hy het dit alreeds gedoen. Sien? Hy sou haar vertel waar die probleem was, of iets, net soos Hy het met die vrou by die put. Sou Hy nie, as Hy dieselfde is, nie? Nou, sal almal van julle dit erken? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

147 Nou, sonder om die vrou te ken, ken sy my nie, *hier* is die Bybel, en my hand is op na God, ek het haar nog nooit in my lewe gesien, sover ek weet nie, tensy ek verby 'n straat gaan, of iewers, ken ek haar nie. Sy getuig dat sy my nie ken nie, en ek ken haar nie. Goed.

148 Nou, hulle sal. . . As iets. . . As ek gesê het: "Dame, jy's siek, Ek gaan my hande op jou sit, jy gaan gesond word," nou, jy kan—jy kan dit glo, dit sou in orde wees, sien, dit sou in orde wees, en, maar tog, kon sy 'n twyfel hê. Maar as die Heilige Gees, Christus, dieselfde bly, sal teruggaan in haar lewe en haar iets vertel waarvan sy weet ek niks weet nie, dan as Hy weet wat was, sal Hy sekerlik weet wat sal wees. Is dit reg? Daar is die wonderwerk daarvan. Nou, geseënd sy die Here, en net. . .

149 Julle sê: "Wat doen jy, Broer Branham?"

150 Ek wag vir Sy salwing, die Engel van die Here. Nou, bid julle net saam met my, stil en saggies, terwyl ek net sien wat Hy sou sê. Miskien sou ek met die vrou praat, synde die eerste in die stad hier te wees, en—en dit maak haar nie. . . Hierdie is die eerste een om mee te werk. Maar net toevallig dat jy daardie—daardie kaart gehad het, en hier is jy. En diegene daarbuite wat nie kaarte het nie, hulle wag net vir hulle deel.

151 Maar God ken jou, ek ken jou nie, Hy het jou geken vandat jy gebore is. Al die lug wat jy inasem, Hy het dit vir jou gegee, al die kos wat jy geëet het, en die klere wat jy het, is vir jou gegee deur God. Jy glo dit, nie waar nie? Jy glo. Dan as die Here God so goed is, en my dan sal laat weet wat jou probleem is, soos jy sê, as jy een of ander siekte het, of iets verkeerd, as Hy dit vir my sal sê, dan sal jy my glo, sal jy nie? Glo jy dit het van Hom af gekom, en Hy is geïnteresseerd in jou?

152 Sien, ek probeer jou geloof opbou tot 'n plek om die salwing op jou te kry, suster. Sien? Sien? So nou, as jy net sal—as jy net—net hiernatoe sal kyk nou, en net glo, hou net aan dink met jou hart, sien, hou jy net hierdie kant dop, laat Hom die praatwerk doen, sien, hou jy net aan glo, kyk wat Hy sê.

153 Nou, daar's iemand in die gehoor met 'n groter geloof as wat hier staan, sien. Sien? Wees baie stil. Ja, hier is dit: Die vrou is nie hier vir haarself nie, sy's hier vir iemand anders, dis jou kleinkind, is in die skole, en dit het veelvuldige sklerose, en jy is hier vir gebed vir daardie kind. Dis die waarheid. Steek jou hand op as dit die waarheid is. Uh-huh. Glo jy dit kry sy genesing? Goed, gaan dan en vind dit net soos jy gevra het en dit sal so wees. Goed, meneer, dan goed, as jy dit glo, gaan dan en juig, dank die Here, en vind dit net soos jy dit geglo het.

154 Sien? Hê nou geloof. Glo julle dit was Hy? Sien, ek kan nie genees nie, het geen krag om te genees nie, maar Hy kan nie nou genees nie, sien. Dis jou geloof in Sy voltooide werk. Sien? Nadat Hy die werk voltooi het, is Hy tweeduisend jaar steeds hier. Nou wees baie eerbiedig.

155 Ek glo ook nie ek ken jou nie. Die Here ken ons albei, ken Hy nie? Glo jy dat God jou die dinge sal gee wat . . . ?

156 Iemand in die gehoor . . . Nou wees baie eerbiedig. Die Skrif sê: "As julle kan glo, is alle dinge moontlik." Hê geloof in God.

157 Hier is Dit: Dis 'n dame, wat hier reg agter sit, reg agter daardie jong man daar met die—die geruite hemp aan, gevlek, dame wat reg agter hom sit, ly aan 'n elifantiasis waaruit sy wil hê God haar moet genees. Glo jy dat God jou sal genees, dame, en jou sal gesond maak? Wat reg agter sit, reg agter 'n jong man daar. Glo jy met jou hele hart? Sy het haar hoof gebuig, aan die bid, soort van 'n gesette dame, met 'n klein baadjie aan. As jy glo met jou hele hart, kan jy kry waarvoor jy gevra het.

158 Dit verlaat die vrou. Dit kom na 'n ander getroue persoon, 'n dame wat hier sit, het spatare, wat hier sit, reguit na my kyk, wat net hieronder sit. Glo jy God genees jou, dame? Jy glo? Goed, jy kan jou genesing kry. God seën jou. Jy het nie 'n gebedskaartjie nie; jy het nie een nodig nie, sien, jou geloof het dit gedoen. Daar het julle dit.

Wat het sy aangeraak?

159 Ek ken jou nie, ken ek, dame? Het jou nog nooit in my lewe gesien sover ek weet nie. Jy's net 'n vreemdeling wat daar sit. Geen gebedskaart nie, niks, kom net in, gaan sit. Wat het jy gedoen? Jy—jy weet dat daar iets met jou gebeur het, nie waar nie? As dit reg is, wuif jou hande heen-en-weer soos *hierdie*. Sekerlik. Sien? Jou geloof het dit gedoen.

160 Wat het sy gedoen? My aangeraak? Sy het die Hoëpriester, Jesus Christus, aangeraak, en Hy het haar die begeerte van haar hart gegee.

161 Hier's 'n dame wat reg hieragter sit wat dieselfde ding het, wat sit met 'n speldjie op, of 'n blommetjie op haar, soos daardie, spatare. Dis reg dame, is dit nie? Steek jou hand op, as dit reg is. Dis wie, dis die dame, net hier met die pienk blommetjie aan

haar jas, bejaarde dame met 'n bril op. Ek ken jou nie, ken ek, dame? Aanvaar jy jou genesing, ook? God seën julle dan, gaan en ontvang dit.

162 Weet julle waarom Dit hierdie vrou hier verlaat het? Weet julle waarom Dit weggegaan en soontoe gegaan het? Nie omdat sy nie geloof het nie, sy het, sy weet nie waarvan ek praat nie, sy verstaan nie te goed Engels nie, sy's 'n Fin. Jy's van Finland, Finland. Kiitos. Hartprobleme. Dis nou alles weg, op jou pad. . .?. . .Kiitos, Jeesus. God seën jou.

163 Hoe het ek dit geweet? Sy's van naby die Lapland. "As jy kan glo!" Glo julle? Hê net geloof in God.

164 Ons is vreemdelinge vir mekaar, meneer, veronderstel ek, maar die Here God ken ons albei. Dit sou wees, sover ek weet, die eerste man wat in die ry gekom het. Goed. Laat ons hierdie as 'n Bybelprentjie neem: Toe Filippus gegaan en Natánael gaan haal het, waarvan ek vanaand gepraat het, en vir Natánael gebring, en hy het vir hom vertel van weet wie Petrus was, ensovoorts, op pad hiernatoe. Glo julle daardie selfde Jesus lewe vanaand? Glo julle dit in die gehoor, dat Hy lewe? Jy ly aan 'n nierprobleem, en aan 'n hartprobleem. Dit is waar. As dit reg is, steek jou hand op.

165 Julle sê: "Jy mag dit geraai het, Broer Branham."

166 O, nee. Dit is nie 'n raaiskoot nie, my vriend. Hier, kom ons praat net 'n bietjie langer met die man. Dit het van iewers daarbuite af gekom, ek kon nie vang waar dit was nie.

167 Ek ken jou nie, ken ek, meneer? Ons is vreemdelinge, maar wat ek gesê het was die waarheid. Dan was dit nie my stem nie, dit was Iemand anders se Stem. Glo julle dit was die Stem van Christus wat gepraat het soos Hy gesê het Hy sou praat? [Die broer sê: "Ek weet dit was."—Red.] Jy. . .Dis reg, meneer. Goed. As jy so glo, dan sal jy groter dinge sien. Glo jy dit? ["Ek glo."] Goed, meneer. Dan het jy 'n vrou hier, en sy—sy ly aan hoofpyne en 'n senuweeprobleem. Dis reg, is dit nie? Ja, meneer. En jou naam is Mnr. Green, is dit nie? Goed, gaan op jou pad, jy's genees. Jy sal groter dinge as hierdie sien. God seën jou, op jou pad.

168 "As julle kan glo!" Glo julle? Alle dinge is moontlik. Nou net baie eerbiedig.

169 Die dametjie wat daaragter sit, reg langs die heer wat daar langs die punt sit, wat ly aan artritis, glo jy die Here Jesus sal jou gesond maak, dame? Wat hier reg agter sit, net hier sit, volgende in hierdie middelste ry, seksie reg agter. Sê, sien julle daardie Lig bokant die vrou? Nou, as sy dit net sal voel en dit aanvaar! Daar is dit. Sy het haar hoof gebuig, sy bid. Sal jy dit glo, dame? Die klein, pienk rokkie aan.

170 "As jy kan glo, is alle dinge moontlik vir hulle wat glo." Maar julle sien, Dit het haar verlaat. Sien, jy moet antwoord, jy moet

gou doen soos jy gesê word, wees op die uitkyk, hou dop. Genade is 'n wonderlike ding. Sien? Wees wakker, hou dop.

171 Nog nooit die gehoor verlaat nie. Moenie jouself druk nie, wees net ontspanne, sê: "Here Jesus, ek glo U." Wel, julle behoort te glo, behoort julle nie? Daar's niks anders nie. Sien, ek—ek genees nie mense nie, ek kan dit nie doen nie, ek het nog nooit eers 'n persoon aangeraak nie. Sien? Jy raak Hom aan. Hoeveel kry dit nou? Hoeveel glo dit met julle hele hart? Wel, dit behoort dit dan af te handel. Ons behoort nie enigsins verder te gaan nie. Ons het dit dan.

172 Die dame daar met nierprobleme, goed, as jy dit glo, dame, kan jy ook jou genesing kry.

"As jy kan glo!"

173 En die man, ook, wat op die punt sit, julle kan glo, is alles moontlik vir jou, my broer.

174 Ek ken jou nie. God ken jou wel, ken Hy nie? Jy ly aan 'n hartprobleem. Dis, jy word gepla deur jou hart. Ek sien iets met jou gebeur. Jy was baie bekommerd oor. . . Dis een of ander soort ongeluk, soos 'n motorongeluk, waarin jy was, wat dit veroorsaak het, dis reg, en dis presies reg. Gaan op jou pad, jou hartprobleem is verby, Jesus Christus maak jou gesond.

175 Kom, dame. Ek vang 'n gees wat van daar af kom, wat dink ek lees hulle gedagtes. Raak aan my hand, dame. As ek vir jou sal sê deur God se Gees, as Hy aan my sal openbaar wat verkeerd is met jou, en ek wat *hiernatoe* kyk, sal jy. . . jy sal weet of dit waarheid is of nie, sal jy nie? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Goed, meneer, dan sal die diabetes jou nie meer pla nie, jy kan gaan gesond word. God seën jou. Sien?

Hê geloof.

176 Kom, dame. Raak my hand aan. As God jou sal genees van daardie maagprobleem, sal jy gelukkig wees? Steek jou hand op, as jy sal. Gaan eet jou aandete. Goed.

177 Hê net geloof in God, moet glad nie twyfel nie.

178 Kom hier, dame. As God jou sal genees van daardie hartprobleem, sal jy gelukkig wees daaroor? As jy sal, steek jou hand op, sê: "Dankie, Here." Gaan op jou pad en juig, wees nou gelukkig.

179 Daardie artritis word partymaal redelik seer, nie waar nie? Veral wanneer jy in die oggend probeer opstaan, langs die bed uitbeweeg. Wel, gaan voort en glo, dit—dit sal nie—dit sal nie meer gebeur as jy dit sal glo nie.

180 Asma is 'n verskriklike ding, wat jou laat hoes, en alles. Glo jy God sal jou daarvan gesond maak? Hou net aan beweeg, sê: "Dankie, dierbare God." Glo met jou hele hart. [Die suster sê:

"Wat van my nek, meneer?—Red.] Ja. Gaan glo dit met jou hele hart. Moenie twyfel nie.

181 Jou rug pla jou, so gaan net voort en glo God en dit sal. . .

182 Glo julle, elkeen van julle? Hoeveel glo wel met julle hele hart? Sê die Bybel: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg"? Het Hy Sy belofte gehou? Is Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? As jy dit glo, steek jou hand op.

183 Wel Jesus, die laaste Woorde wat Hy gesê het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Hoeveel weet die Bybel sê dit? Lê dan julle hande op mekaar, sit julle hande oorkant op mekaar. Elkeen van julle nou, lê net julle hande oorkant op mekaar. O, goeiste! Hy's hier, Hy's nie dood nie.

184 Glo jy, suster? Jou probleme, ophou hoes, en alles, jy sal reg wees? Gaan op jou pad en word genees, in die Naam van die Here Jesus.

"As jy kan glo!"

185 Julle twee, lê julle hande op mekaar, net daar, net daar soos julle is. Nou, ons maak gereed vir 'n drama. Iemand lê hulle hande op iemand naby jou nou, iemand naby jou, lê jou hande op hulle. As God hierdie belofte hou, hou Hy. . . Wat is dit? Dis die teken dat Hy hier is. Daardie. . . Is Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Sê: "Amen," as dit is. . . Dan as Hy daardie Woord hou, hou Hy Sy hele Woord. Dan het Hy gesê. . . As jy jou hand opgesteek het, gesê het julle was gelowiges, dan het Hy gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

186 Nou, elkeen van julle, op julle eie manier wat julle by julle kerk bid, bid jy vir die persoon waarop jy jou hande het, en jy. . . hulle sal terugbid vir jou, elkeen. Ek sal vir julle bid, almal van julle, en julle sal 'n genesing hier sien plaasvind, daar sal nie 'n swak persoon in julle midde wees as julle sal glo dat Jesus Christus net nou hier is nie. Daar sal nie een siek persoon oor wees in hierdie gebou, of een swak persoon, as julle sal glo dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid nie. En hierdie Gees wat nou onder ons is, is Hy, wat bevestig dat Hy hier is. Glo julle dit nou?

Kom ons buig ons hoofde.

187 Almagtige en Ewige God, vir Wie ons liefhet en glo, en die Seun Jesus koester, Satan het hierdie mense gebind met siektes, vrese, twyfel, siektes. Here God, dis naby die endtyd, U mag kom voor die oggend. En ons is so bly om te weet dat ons gemeenskap gehou het in die Teenwoordigheid van die herrese Here Jesus, Wat nou net hier is, wat Homself bewys as dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

188 Here God, gee hierdie mense geloof om te glo, elkeen van hulle wat geloof bely, en hulle hande op 'n buurman lê wat naby

hulle is, waarvoor hulle nou bid, en ek vra U, God, om geloof te gee wat nie *nee* vir 'n antwoord sal neem nie. Skenk dit, Here. Help my nou om geloof te hê soos ek vorentoe gaan in geloof om hierdie vyand uit te daag.

189 Satan, die vyand, van beproewing en siekte, jy het geen wettige regte om enige van hierdie mense vas te hou nie, Jesus Christus het vir elkeen van hulle gesterf, dat hulle genees kon word. Sy rug was in snye en strepe geslaan, by . . . en Hy het op Gólgota gehang, gesterf, en het weer opgestaan om te kom in die vorm van die Heilige Gees om aan Sy mense te bevestig dat hulle geloof in Hom mag hê. En elke reg wat jy oor sonde gehad het, is van jou gestroop op daardie tydstip, jy het geen wettige reg nie, daarom is jy net 'n bluf, en ons roep dit vanaand.

190 Deur die getuienis van die Heilige Gees wat nou teenwoordig is, die herrese Jesus Christus, die Gees Wat Sy foto hier saam met ons laat neem het, Wat nou saam met ons werk, en in ons: Jou siekte, en siektes wat in die liggaam van hierdie mense is, ek beveel jou, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, kom uit die mense uit, en laat hulle gaan, in die Naam van die Here Jesus Christus!

191 Glo jy jy's genees? As jy glo, staan op jou voete sommer gou, en prys God, elkeen van julle, staan op julle voete, en dank die Here God vir julle genesing. Dis goed. Dis goed. Goed. Wonderlik! Daar's die genesing van die—die siekes en die beproefdes. Laat ons nou ons hande opsteek, en net sê: "Dankie, Here." En kom ons sing hierdie goeie ou lied, met ons hande in die lug op:

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Prys die Lam vir sondaars geslag.

Gee vir ons 'n akkoord, as jy sal, my broer. Goed, broer.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Prys die Lam vir sondaars geslag;
Gee Hom glorie al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Ek . . .

Wat daarvan daar, broer? Kom op daarvandaan en glo Hom.

. . . sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Prys die Lam vir sondaars . . .

192 Dis reg. Man staan op uit die rolstoel, gee God eer. Glo dit, broer, jou tyd is hier. Nou jy weet jy het dit, nie waar nie? Steek jou hande op na hom. Daar is dit. 'n Man wat gebonde sit in 'n rolstoel, het reg uit die rolstoel opgestaan, net nou.

. . . elke vlek weggewas.

193 Steek nou julle hande op en prys Hom op julle eie manier.

194 Dankie, Here. Prys die Here, vir Sy goedheid en Sy genade!

195 Hy is in julle midde, Hy is julle Verlosser, Hy's julle Geneser. Almal is nou genees, in die Naam van Jesus Christus, eis dit en verheerlik God. Amen. 

58-0523 Ons Wil Jesus Graag Sien
Stad Ouditorium
Concord, New Hampshire V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org